

14 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 6

Fokusgedeelte: Romeine 6:4

Hou op worstel, jou sonde is begrawe

Die sondaar wat opreg in sy geloof is, kan ontsettend voor God met sy sonde worstel. In Romeine word egter die wonderlikste dinge gesê. Die eerste is dat ons saam met Jesus gekruisig is. Toe ons gedoop is, het ons soos Hy vir die sonde gesterf; met ander woorde, die sonde het in ons doodgegaan. Verder word gesê dat ons saam met Jesus begrawe is. Ons het dus saam met Hom gesterwe en is saam met Hom begrawe. Ons weet dat die dood van 'n geliefde erg is, maar dan kom die begrafnis en as alles verby is en almal weg is, weet jy een ding: Dit is finaal. Begrafnis dui op die onherroeplikheid van die dood (Sondag 16, HK). Romeine 6 sê ons het saam met Jesus gesterwe: “Aangesien ons met Hom een geword het in Sy dood...” Vers 5; “Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was saam met Christus gekruisig is sodat ons sondige bestaan beëindig kon word” vers 6); “Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is ...” (vers 11). Ek bly 'n sondaar, maar voor God is my sonde dood. Ek mag aanvaar dat my sonde dood en begrawe is – dit is finaal. Dit beteken nie om *eendag* by God te kom en te vind my sonde is weggeneem nie. . Wie werklik deur die geloof met Jesus gesterf het en begrawe is, is werklik hier *en nou* vir die sonde sterf. Jy wat in Adam dood was in sonde is in Jesus dood vir die sonde. Hoe kan 'n mens vandag nog sonde doen as dit dood is? Die Kategismus vat dit raak in Sondag 23: “God reken die werk van Jesus vir my so toe dat dit is asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie.” Calvyn sê: “So word ons nie maar net aangespoor om Christus na te volg nie. Nee! Ek doen nou sonde, maar daardie sonde is nou voor God dood en begrawe.” Jy kan natuurlik moedswillig wees en jou sonde ignoreer en sê: “Dit tel tog nie meer nie!” Duisend maal NEE! Jy sal nog altyd jou sonde reg ken. Jy rig jou nog teen jou sondedade. Jy kom nog ootmoedig voor jou Here, maar daar waar jy op jou knieë staan, kom die dankgebed dat hierdie sonde reeds vergewe is. Geen sonde of swakheid in jou kan verhinder dat God jou so in genade aansien dat Hy nie reeds jou sonde deur die bloed van Jesus dit gedood en begrawe het nie. So is Jesus nie 'n belofte vir EENDAG nie, maar Hy is reeds 'n ontsaglike werklikheid vir elke sondaar wat met die sonde by Hom gaan skuil. Ek staan nog elke dag voor die sonde, maar ek weet: Ek staan by die graf van my dooie sonde.

Sing: Skrifberyming 10:2 Ds LD Aucamp (Cullinan)